



***Op Watter
Pad Is Jy?***

Op watter pad is jy?

Jesus het gesê daar is min mense op die smal weg na die Ewige Lewe, terwyl baie op die breë weg na die hel toe gaan.

Mattheus 7:,13,14 Jy moet seker maak op watter pad jy is.

God wil nie hê dat enigiemand verlore moet gaan nie. 2 Petrus 3:9 Maar ons almal het ons eie sondige weg gekies. God waarsku ons dat alle leuenaars oppad is na die poel van vuur. Openbaring 21:8 Jy kan sien dat ons 'n groot verandering moet maak.

Baie van ons het gesteel.

Ons het ander seer gemaak deur wat ons gedoen en gesê het. Maar God sê “jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” Baie keer was ons nie behulpsaam en versorgend teenoor ander nie. Ons het die Grootste Gebod verbreek! Soveel kere.

Ons was ook ongehoorsaam aan die owerhede wat God ons beveel het om te gehoorsaam. Gehoorsaam die owerhede oor jou

(Hebreërs 13:17)

Kinders wees gehoorsaam aan jul ouers in alle dinge

(Kolossense 3:20)

ONS GEHEIME SONDE

Jesus het gesê dat as iemand met wellus na 'n vrou kyk, hy reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het. Dit gebeur so baie, en Jesus het gesê dit is so ernstig dat as jou oog jou laat sondig, dit beter vir jou sal wees om jou oog uit te ruk en dit weg te gooi as om met twee oë in die hel gewerp te word. Mattheus 5:28-30

Jesus het gesê dat as jy kwaad is vir jou broer, jy in gevaar is van die oordeel, en as jy hom 'n dwaas noem jy in gevaar is van die helse vuur. Mattheus 5:22 Miskien het jy niemand doodgemaak nie, maar jy het kwaad geword vir iemand of sy karakter geskend. Wie ookal dit doen is in die gevaar van die helse vuur.



Ons moet almal voor God die Regter verskyn.

Openbaring 4:2-5 & 20:11-15

Jy kan dus sien dat daar 'n groot verandering in ons lewe nodig is! God beveel nou aan alle mense in die hele wêreld dat hulle hul moet bekeer. Handeling 17:30 Wanneer ons tot inkeer kom gebeur daar 'n groot verandering. Handeling 26:20 & Lukas 3:10-14

Ons het gelieg - nou vertel ons die waarheid.

Die goed wat ons gesteel het - ons maak dit reg en doen restitusie teenoor hulle van wie ons gesteel het.

Ons het andere seer gemaak het - nou is ons goedhartig.


Ons was selfsugtig om te deel - nou is ons mededeelsaam.

Ons was ongehoorsaam - nou is ons gehoorsaam, selfs as niemand my dophou nie.

Ons het baie geheime sonde gepleeg - nou, selfs in ons gedagtes, wil ons God eer. Dit is 'n groot verandering.

God het gesê “Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees. Jesaja 55:7

God is ryk in goedheid en het Homself ontferm oor ons sodat ons ons kan bekeer.



“God se goedheid lei ons tot bekering.”

Romeine 2:4

Hy het Sy eie Seun van die Hemel af na die aarde toe gestuur. Jesus het baie mense gehelp en genees. Wat het hulle met Hom gedoen?

Hulle het Hom bloediglik en gewelddadig aan ’n kruis vermoor. Maar deur Sy dood het Hy ons sonde op Hom geneem- sodat ons nie met ons sonde die ewige vuur ingaan nie! Hy het die ewige lewe vrylik aan ons geskenk.

Hulle het hom begrawe. Hy was drie dae dood. Maar God het Hom uit die dood laat opstaan. God bewys dat Jesus waarlik Sy Seun is- net so veel as wat God die Vader is. Johannes 5:18

So het Jesus dan 'n weg gemaak na die Hemel. Hy sê “Ek is die Weg... niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.” Johannes 14:6

Het jy na Jesus gekom vir genade? Hy is die Weg. Of is jy nog op jou eie pad? Ware bekering is wanneer jy na Jesus kom. Lukas 24:47 Jy begin 'n nuwe lewe. Jy begin die waarheid te praat, is mededeelsaam, jy ontferm jou oor ander, gehoorsaam diegene wat oor jou aangestel is, en het oorwinning oor versoekings.

*Is dit die verandering wat jy nog moet maak?
As jy weet jy het hierdie verandering nodig,
bid dan hierdie gebed:*

Here Jesus, was asseblief my sondige hart. Maak my skoon van binne, sodat ek Hemel toe kan gaan soos U belowe het.

Nou kan jy vir Hom sê “BAIE DANKIE!”

Hy het belowe “Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.” Rom 10:13 En as ons waarlik glo in Hom sal daar ’n groot verandering plaasvind. Ons begin gehoorsaam wees. 1 Johannes 2:3,4 Ons vertel die waarheid. Wanneer ons gesteel het gaan maak ons dit reg. Ons sal mededeelsaam wees. Ons sal selfs diegene vergewe wie vir ons seergemaak het. Markus 11:2 Ons sal deel en behulpsaam wees teenoor mense wat in nood is. 1 Johannes 3:14-17

Hierdie goeie nuus is so wonderlik! Laat ons hierdie goeie nuus met soveel as moontlik mense deel sodat hulle hul ook sal bekeer van hul sonde en vrylik hierdie gawe van die Ewige Lewe kan ontvang wat Jesus aan ons bied. Markus 16:15,16



Die Ewige Lewe is ’n Gratis Geskenk.
Romeine 6:23

www.drawingotherstochrist.com
smallpaul@mweb.co.za